



DIE SKOOL BY UITNEMENDHEID

HOÛRSKOOL VAALPARK ARTICON

TEL: (016) 971 2025

POSBUS 62055

FAKS: (016) 971 1012

LANGEBERGSTRAAT 35

VAALPARK, 1948

WEB: WWW.VAALPARKHIGH.CO.ZA

E-POS: ADMIN@VAALPARKHIGH.CO.ZA

BANKBESONDERHEDE:

ABSA SASOLBURG

BANK REK NR: 520-391-681

TAKKODE: 335-036

GEEN GENADE DWELMBELEID

Die nasionale beleid oor die bestuur van middelmisbruik deur leerders in openbare en onafhanklike skole en instellings vir verdere onderwys en opleiding, gepubliseer ingevolge AK 3427 in SK 24172 van 13 Desember 2002, bepaal dat:

“Die besit, gebruik of verspreiding van onwettige middels, en die onvanpaste besit, gebruik of verspreiding van wettige middels, wat alkohol en tabak insluit, is verbode in Suid Afrikaanse skole, en hierdie boodskap behoort duidelik en konsekwent in skoolgemeenskappe oorgedra te word”.

Dis ministerie het derhalwe alle Suid-Afrikaanse skole as tabak-, alkohol- en dwelmvrye sones verklaar. Die Beheerliggaam van Vaalpark Articon het dus besluit om ‘n “GEEN GENADE” beleid in werking te stel teen die verspreiding en/of besit en/of gebruik van verbode middels, wat beide wettige en onwettige middels insluit.

Dit is belangrik om hier ‘n onderskeid te maak tussen onwettige middels en wettige middels. Onthou! BEIDE hierdie tipe middels word by Vaalpark Articon geklassifiseer as “verbode middels”

- ONWETTIGE MIDDELS sluit in:
 1. Amfetamien (AMP)
 2. Kokaïen en Crack (COC)
 3. Dagga of Hennop (THC) – Let wel! Hierdie middel is STEEDS verbode in skole ingevolge die hofuitspraak van regter Zondo, soos gekommunikeer op 8 Augustus 2019 deur die Departement van Onderwys.
 4. Metamfetamien (MET)
 5. Opiate (OPI) (soos morfiën; heroïen en kodeïen)
 6. Metadoon (MTD)
 7. LSD
 8. Meskalien

ONS VISIE:

By Hoërskool Vaalpark Articon, ‘n skool by uitnemendheid, glo ons in die holistiese ontwikkeling van ons leerders. Ons koester en ondersteun hulle talente in die akademiese- en kunsdissiplines en ons verryk hul lewens met kulturele- en sportaktiwiteite.

AKADEMIE ~KUNS ~KULTUUR ~SPORT

ONS MISSIE:

Ons beoog volhoubare kwaliteit in die onderwys waar:

1. Ons toegewyde, gekwalifiseerde leerkragte bied;
2. Kwaliteitonderrig en leer moet plaasvind waar respek fundamenteel is en waar ‘n omgewing geskep word wat dit daartoe leen om onderrig te stimuleer;
3. Ons poog om ‘n gesonde balans te handhaaf tussen akademie-, kuns, kultuur en sport;
4. Ons daarna streef om kompetend te wees in akademie-, sport- en kunsdissiplines terwyl ons ‘n gesonde en mededingende gees in die skoolomgewing skep.

9. Psilocybin
10. Anaboliese steroïde
11. Inhilante (oplosmiddels; gasse; nitrate)
12. Klub dwelms soos: methylenedioxymethamfetamien (MDMA), Flunitrazepam en Gamma-hydroxybutyrate (GHB)
13. Dissosiatiewe dwelms: Ketamien; "Angel dust" (PCP) en Analoë; Salvia Divinorum; Dextrometorphan (DXM)

- WETTIGE MIDDELS sluit in:
 1. Enige tipe alkohol
 2. Enige tipe tabakprodukte
 3. Enige vorm van sappe of olies wat gerook word met behulp van 'n toestel soos 'n "vape"
 4. Enige grootmaat-medikasie waarvoor daar nie 'n doktersvoorskrif getoon kan word nie, bv. bottels hoesstroop, pakkies pynpille of "lean".

Hierdie beleid bepaal dat:

1. 'n leerder wat in besit van enige ONWETTIGE verbode middel gevind word,
 - onmiddellik geskors sal word, voor die beheerliggaam vir 'n dissiplinêre verhoor sal verskyn en moontlik permanente uitsetting in die gesig sal staar;
 - 'n leerder vir verbode middels getoets sal word indien hy/sy fisiese-, gedrags-, emosionele- en/of sosiale tekens van moontlike gebruik openbaar;
 - spesifieke stappe, soos gepubliseer ingevolge GK 1140 in SK31417 van 19 September 2008, gevolg sal word tydens die toetsingsproses (sien aangeheg)
 - indien die leerder negatief toets, die skool die kostes van die toets sal dra en geen verdere regstellende aksie geneem sal word nie;
 - Indien die leerder positief toets:
 - die ouer / voog dadelik in kennis gestel sal word en die volle besonderhede rakende die uitslag aan hulle gekommunikeer sal word;
 - die ouer / voog die kostes van die toets sal dra;
 - die leerder onmiddellik die skool sal verlaat en nie sal terugkeer alvorens hy / sy heeltemal "skoon" en dwelmvry is nie (hierdie proses duur

ongeveer vier weke / 28 dae, aangesien dit die tydperk is wat dwelms in 'n persoon se gestel bly).

- 'n leerder wat positief getoets het, ter enige tyd weer getoets mag word indien daar 'n vermoede is dat hy / sy weer verbode middels gebruik;
- indien 'n leerder vir die tweede keer positief toets, so 'n leerder voor die beheerliggaam vir 'n dissiplinêre verhoor sal verskyn en moontlike permanente uitsetting in die gesig staar.

2. a) WETTIGE verbode middels (tabakprodukte en “vapes”): 'n leerder wat in besit of onder die invloed van enige van die bogenoemde WETTIGE verbode middels gevind word, of wat dit gebruik,

- sal van die middels moet afstand doen en dit sal gekonfiskeer en vernietig word (selfs ook “vapes”);
- sal dienooreenkomstig detensiepunte ontvang.

Indien 'n leerder vir 'n tweede keer in besit of onder die invloed van enige van die bogenoemde WETTIGE verbode middels gevind word, of dit gebruik,

- se ouer/voog sal onmiddellik in kennis gestel word;
- sal van die middels moet afstand doen en dit sal gekonfiskeer en vernietig word (selfs ook “vapes”);
- sal dienooreenkomstig detensiepunte ontvang.

Indien 'n leerder daarna weer vir die derde keer in besit, of onder die invloed van bogenoemde middels is, sal

- die leerder se ouer / voog in kennis gestel word;
- die leerder van die middels moet afstand doen en dit sal gekonfiskeer en vernietig word (selfs ook “vapes”);
- die leerder vir 'n periode van 3 dae geskors word.

Indien 'n leerder steeds na afloop van al die korrektiewe stappe steeds weier om gehoor te gee aan die regulasies, sal so 'n leerder voor 'n dissiplinêre komitee van die beheerliggaam moet verskyn en sal onderhewig wees aan die sanksie wat voorgeskryf word deur die komitee.

b) WETTIGE verbode middels (alkohol en medikasie sonder voorskrif): 'n leerder wat in besit van enige van die bogenoemde WETTIGE verbode middels gevind word, of wat dit gebruik,

- se ouer/voog sal onmiddellik in kennis gestel word;
- sal van die middels moet afstand doen en dit sal gekonfiskeer en vernietig word;
- sal dienooreenkomstig detensiepunte ontvang;
- sal vir 'n periode van 5 dae geskors word.

Indien 'n leerder daarna weer in besit, of onder die invloed van bogenoemde middels is, sal

- die leerder se ouer / voog in kennis gestel word;
- die leerder van die middels moet afstand doen en dit sal gekonfiskeer en vernietig word;
- die leerder voor die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam verskyn en sal die leerder onderhewig wees aan die sanksie wat voorgeskryf word deur die komitee.

Let asseblief daarop dat ons hierdie GEEN GENADE beleid baie ernstig opneem, en dat geen uitsondering gemaak sal word vir enige leerder, ongeag die rede nie. Ons wil 'n ernstige beroep op u doen om asseblief u volle samewerking aan ons in hierdie verband te gee. Dit is ons almal se verantwoordelikheid om seker te maak dat ons kinders die vryheid kan geniet om in 'n veilige, dwelmvrye omgewing hul hoërskoolloopbaan te voltooi.

STAPPE TYDENS TOETSING VIR ONWETTIGE VERBODE MIDDELS:

1. Indien daar 'n vermoede bestaan dat 'n leerder onder die invloed van onwettige verbode middels is, sal 'n urinetoets op die betrokke leerder gedoen word.
2. Die leerder sal getoets word deur die skoolhoof of 'n gedelegeerde persoon aangewys deur die skoolhoof – iemand van dieselfde geslag as die leerder.
3. 'n Getuie van dieselfde geslag moet altyd die toetser en leerder vergesel.
4. Alle toetsapparate word agter slot en grendel by die skool bewaar.
5. Toetse word buite sig van enige ander persoon gedoen.
6. Die persoon wat die toets afneem moet latex handskoene dra.
7. Die toetsapparaat moet geseël wees en die vervaldatum moet nagegaan word.
8. Die toetsapparaat moet in die teenwoordigheid van die leerder oopgemaak word en sy / haar naam, graad en die datum moet daarop aangebring word.
9. Die leerder word gevra of hy / sy op enige medikasie is, aangesien dit in gedagte gehou behoort te word met die uitslag van die toets.
10. Die toets word gedoen volgens die instruksies op die meegaande voubiljet van die toetsapparaat.
11. Die uitslag word aan die leerder gekommunikeer en verduidelik.
12. Indien die uitslag positief is, word die ouer / voog dadelik van die uitslag in kennis gestel, waarna die bogenoemde stappe van die "GEEN GENADE" dwelmsbeleid gevolg sal word.